

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 1: *B'reisheet* (בראשית) – In Die Begin

In die oorsprong het God die hemele en die aarde geskep. Gen. 1:1 – PWL¹

In die begin het God die hemel en die aarde geskape. Gen. 1:1 – OAV

Torah : Gen. 1:1 tot 6:8

Haftorah: Jes. 42:5 tot 43:10

Nuwe Verbond: Matt. 1:1 tot 17; Matt. 19:3 tot 9; Mark. 10:1 tot 12; Joh. 1:1 tot 18; Open. 21:1 tot 5; Open. 22:1 tot 5.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 1 wat afgelaai kan word by: [Parashah1Notas.14](#) en by [Parashah1Notas.15](#).

*When it comes to the learning of Torah you see we are all perpetual 'beginners'.
We are all infants. The most mature of us is at best the equivalent of a toddler. If we live 100 years – or 1,000 – we will remain just beginners – Zelda Oosthuizen*

Midrash (Torah Bespreking)

Ons begin weer nuut met YHVH se Torah – Sy liefdevolle onderrig aan die wat Hy as Sy kinders aangeneem het. Dit is YHVH se 'huisreëls' wat nougeset gevolg moet word om al die seëninge van Vader-God se huishouding deelagtig te wees. YHVH is die Vader van die huishouding en Yeshua Messias is die Eersgeborene en ons is YHVH se wedergebore kinders. Torah is YHVH se liefdevolle onderrig in geregtigheid 'n leefwyse hoe om in die regte verhouding met Vader-God te leef na ons deur vertroue in Yeshua as die Messias regverdig verklaar is.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Vir diegene wat nie die kinders van YHVH is nie, met ander woorde nie in Yeshua as Messias glo nie, sal Torah YHVH se oordeel wees. Daarom het Yeshua gesê:

Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. Joh. 12:48.

Die tien gebooie kan beskou word as 'n opsomming van die Torah – die tien beginsels waarop Torah gebou is en wat in die eerste vyf boeke van die Skrifte breedvoerig bespreek word. 'n Wye definisie van Torah is egter al YHVH se onderrig, instruksies en wysheid soos wat in die Skrifte vanaf Genesis tot Openbaring opgeteken is.

Torah is die fondament van ons kennis en begrip van die res van die Tanakh (die ou verbond), asook van die *B'rit Chadashah* (nuwe verbond). Daarom skryf Paulus in Rom. 10:4 dat die doel van Torah is Messias deur wie elkeen wat glo geregverdig verklaar word.

For the goal at which the Torah aims is the Messiah, who offers righteousness to everyone who trusts (Complete Jewish Bible)

Met elke siklus van die weeklikse Torahskriflesings is ons doelwit om nuwe geestelike hoogtes te bereik, terwyl ons al dieper in Torah en die res van die Afgesonderde Skrifte delf. Maar ons moet altyd onthou dat wanneer ons die Torah, die eerste vyf boeke van die Skrifte, bestudeer, is dit juis om Yeshua Messias te ontdek. Soos Yeshua self gesê het:

Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. Joh. 5:46.

In sy brief aan Timotheus skryf Paulus ook:

Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Messias Yeshua (2 Tim. 3:14 en 15)

Die Afgesonderde (Heilige) Skrifte waarna Paulus verwys is die Tanakh (ou verbond) en sluit dus die Torah (die wet), naamlik YHVH se onderrig en instruksies in. Dit was die enigste Skrifte wat op daardie stadium bestaan het. Hierdie Skrifte van die ou verbond was die openbaring tot saligheid deur geloof in Yeshua Messias! Daarom skryf Paulus aan Timotheus om vas te hou aan dit wat hy geleer het en nie sy Hebreuse wortels te vergeet nie!!

Bogenoemde kry ook betekenis in die lig van Joh. 1:46:

Filippus het Natánael gekry en vir hom gesê: Ons het Hom gevind van wie Moses in die wet en ook die profete geskrywe het: Yeshua, die seun van Josef van Násaret.

Filippus en Natánael het geglo dat Yeshua die Seun van YHVH en die koning van Israel is (Joh. 1:50) op grond van wat in die wet (die Torah) en die profete geskrywe staan.

Deur die wet, naamlik Torah, word Yeshua as Messias dus openbaar gemaak!

Dit herinner ons ook aan die Emmaüsgangers wat gepraat het oor alles wat met Yeshua in Jerusalem gebeur het toe Yeshua by hulle aansluit. Die Emmaüsgangers se oë was egter weerhou sodat hulle Hom nie kon herken nie (Luk. 24:16). Maar Yeshua het begin om vanaf Moses en al die profete vir hulle uit al die Skrifte, die dinge wat op Hom betrekking het, deeglik te verduidelik. Later die aand aan etenstafel het Yeshua brood geneem en nadat Hy gedank het, het hy die brood gebreek en aan hulle gegee. En dan lees ons:

Onmiddellik het hulle oë oopgegaan en hulle het Hom herken en Hy het van voor hulle af opgegaan.

Hulle sê vir mekaar: “Was ons verstand nie onnosel in ons toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte oopgemaak het nie?”

Toe staan hulle dadelik op en gaan terug na Yerushalayim en vind die elf en die wat saam met hulle bymekaar was,

wat sê: “Ons Meester het waarlik opgestaan en aan Shim'on verskyn.”

Hulle het ook vertel wat op die pad gebeur het en hoe Hy aan hulle bekend geword het by die breking van die brood. Luk. 24:31 tot 35 – PWL.

In die 1953 vertaling lees vers 32 soos volg: *Was ons **hart nie brandende in ons** toe Hy met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?*

My gebed is dat ons met hierdie jaar se Torahskriflesings ook 'n brandende hart vir Yeshua ons Messias sal hê. Mag die Afgesonderde Gees ook ons geestelike oë open sodat ons Yeshua sal herken en erken as ons Ewige Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek!

Laat ons doelwit wees om terug te keer, en onself te organiseer, om te funksioneer soos die gemeente van Handeling. Hierdie volgelinge van Yeshua het bekend gestaan as mense van Die Weg en as Nasareners.

Marcel Simon, 'n outoriteit van die kerkgeskiedenis van die 1ste eeu, het die Nasareners “kettere” genoem omrede hulle volgehou het om die geloof van die Messias, wat hy die Apostels sowat 300 jaar vantevore geleer het, te beoefen en omrede hulle geweier het om die mensgemaakte tradisies en leerstellinge van die Rooms Katolieke Kerk en die Christendom aan te neem.

Dit het tyd geword dat ons ernstig moet besin oor wie ons leermeester is. Is dit Rabbynse Judaïsme of is dit Rabbi Yeshua. Wil ons in die voetspore van die Rabbis (Fariseërs en Sadduseërs) loop wat Yeshua verwerp het, of wil ons die werk van die apostels wat Yeshua gevolg het voortsit? Hierdie vraag word meer volledig bespreek in die artikel “Wie Is Jou Rabbi” wat afgelaai kan word by [Okt15Leermeester](#).

Mag ons met hierdie jaar se Torahskriflesings altyd onthou dat dit Yeshua is wat ons die weg van YHVH in waarheid leer, en nie Rabbynse Judaïsme nie! Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! Daarom is Rabbynse Judaïsme net die dooie letter van Torah. Dit is menslike wysheid.

Maar vir die wat geroep is, Jode sowel as Arameërs, is Hy Die Gesalfde Een, die Krag en Wysheid van God, want wat dwaas is by God, is wyser as die mens en wat swak is by God, is sterker as die mens. 1 Kor. 1:24 en 25 – PWL.

Mag ons met elke parashah vertrous en versterk word en in liefde nader kom aan al die rykdom van die volle versekering en die insig van die kennis van die geheime van God-die-Vader en van Die Gesalfde Een, in Hom in Wie al die skatte van wysheid en kennis weggesteek is (Kol. 2:2 en 3 – PWL). Yeshua Die Gesalfde Een het vir ons geword wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing (1 Kor. 1:30)!! HalleluYah!!

Die gesindheid waarmee ons Torah bestudeer word deur die profeet Jeremia soos volg opgesom:

Toe u woorde gevind is, het ek hulle opgeëet, en u woord was vir my vreugde en vrolikheid vir my hart; want u Naam is oor my uitgeroep, YHVH, God van die leërskaal!
Jer. 15:16

‘n Soortgelyke gedagte word deur Esegïel bevestig:

Daarna het Hy vir my gesê: Mensekind, eet op wat jy vind; eet hierdie rol op, en gaan spreek met die huis van Israel. Toe het ek my mond oopgemaak, en Hy het my dié rol laat eet en vir my gesê: Mensekind, laat jou buik eet, en vul jou ingewande met hierdie rol wat Ek jou gee. En ek het dit geëet, en dit was in my mond soos heuning so soet. Eseg. 3:1 tot 3.

Ons lees in Matt. 13:52 waar Yeshua sê: *Daarom is elke skrifgeleerde wat ‘n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos ‘n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring.* ‘n Skrifgeleerde is onder andere die een wat kopieë van die Torah met die hand skryf. Hy verstaan elke letter en elke woord. Hy skryf dit presies soos in die oorspronklike geskryf is. Dit is hoe ons moet wees, ons moet ons beywer om elke letter en elke woord in die Skrifte te verstaan! Dan gaan dit soos in ‘n huis vol van skatte wees, waar ons nuwe dinge gaan ontdek en ou dinge bevestig sal word.

Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as ‘n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig. 2 Tim. 2:15 – PWL.

Opsommend: Ons moet altyd ‘n leerbare gesindheid openbaar en die Woord van YHVH met welwillendheid ontvang, **maar elkeen moet self die Skrifte ondersoek of dit die waarheid is** (Hand. 17:11).

Bepeins of Bespreek

1. Hoekom word daar verwys na die Messiaanse Beweging, die “Hebrew Roots Movement” en ander name, terwyl die volgelinge van Yeshua aanvanklik bekend was as die mense van Die Weg en Nasereners? Is dit nie tyd dat ons eerder die identiteit van die gemeente van Handelingte moet aanneem nie? Is ons dan nie veronderstel om ‘n voortsetting van die gemeente van Handelingte te wees nie?
2. Avi ben Mordechai skryf in sy artikel “Warning to Messianic Assemblies” ondermeer die volgende: *To you Messianic congregations and your spiritual leaders that can't get enough of all this "Hebraic Roots" stuff - because after all, some groups find it to be in vogue to do the "Jewish thing" since 'Jesus was a Jew', go the distance and quickly get beyond your outward cultural behaviours and learn what it means to really be Torah Observant.* Verstaan ons regtig wat dit beteken om ‘n Torah-gehoorsame volgelinge van Yeshua van die nuwe verbond te wees? Indien ons dit sou verstaan, dan sal ons baie meer die karakter en werke van die gemeente van Handelingte openbaar en baie minder die karakter en werke van Rabbynse Judaïsme soos wat huidig die geval is!
3. Wat moet ons doen om meer soos die gemeente van Handelingte te funksioneer?

Gen. 1:1 – In die Begin

In die oorsprong het God die hemele en die aarde geskep. Gen. 1:1 –PWL.


Die naam *Genesis* beteken *generasies* of *bron*, maar die Hebreëuse naam vir hierdie eerste boek van die Skrifte is egter *B'reisheet* wat vertaal kan word as *in die begin*, want dit vertel van die begin van die skepping; die begin van die mensdom; die begin van ‘n huwelik en

huisgesin; die begin van sonde en dood en die begin van YHWH se plan om alles te herstel soos dit aan die begin was.

Genesis begin met die tuin van Eden waar die mens aanvanklik (tot en met die sondeval) in 'n volmaakte verhouding met sy Skepper-God gelewe het. Die boek van Openbaring eindig met 'n herstelde tuin van Eden waar die mens weer in 'n volmaakte verhouding met YHWH sal lewe. *B'reisheet* begin met YHWH se Koninkryk en Openbaring eindig met YHWH se Koninkryk. Alles wat tussen Genesis (na die sondeval) en die einde van Openbaring gebeur, is deel van YHWH se plan van herstel van Sy skepping en van die herstel van die verhouding tussen YHWH en die mens soos dit voor die sondeval was. Alles tussen Genesis hoofstukke 1 en 2 en Openbaring hoofstukke 19 tot 22 moet as YHWH se plan van herstel gesien word. Sommige dele van hierdie plan is 'tydelik' of 'tussentydse maatreëls' totdat die volmaakte weer gekom het of herstel is.

Ons moet hierdie geheel prentjie sien, naamlik dat Genesis en Openbaring 'ontmoet' mekaar weer teen die einde. Dit is 'n geval van: *Eden lost; Eden restored!*

Daarom is Torah nie beperk tot die eerste vyfboeke van Moses nie! Nee! YHWH se Torah strek vanaf Genesis 1:1 tot Openbaring 22:21! Dit is al die onderrig, instruksies en wysheid van YHWH soos in die Afgesonderde Skrifte opgeteken is.



Rabbynse Judaïsme kan nie hierdie geheelprentjie sien nie, want hulle verwerp Yeshua as Messias, asook die Skrifte van die nuwe verbond. Daarom probeer hulle om alle Skrifverklarings en profesieë binne die raamwerk van die Skrifte van die ou verbond in te pas! Rabbynse Judaïsme sien nie die volle waarheid van YHWH se plan van herstel nie!

In Parashah 51 ([Parashah51Notas15](#)) het ek ook gewaarsku teen die gevaar van mense wat so vasgevang en bekoor word deur Rabbynse Judaïsme se fokus op die Skrifte van die ou verbond, en veral op die eerste vyf boeke van Moses, dat hulle die Skrifte van die nuwe verbond begin 'verwaarloos' en uiteindelik bevraagteken! Hierdie is 'n duidelike teken van die eerste tree om te Judaïseer en om Yeshua uiteindelik te verloën.

Dit is daarom noodsaaklik om die studie van Torah te begin met die benadering dat die einde word deur die begin bekend gemaak en daarom moet ons by die begin begin, want YHWH vestig 'n patroon wat herhaal word:

Onthou die dinge wat van ouds af was, want Ek is God en daar is geen ander nie; Ek is God en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af die einde verklaar en van die ou tyd af dinge wat nog nie gedoen is nie; wat sê: 'My plan sal stand hou en Ek sal al My begeertes uitvoer; wat 'n roofvoël roep uit die ooste, die man van My doel uit 'n ver land. Waarlik, Ek het gepraat, Ek sal dit laat gebeur. Ek het dit beplan, Ek sal dit doen. Jes. 46:9 tot 11 – PWL.

Maar ons moet nooit die einde vergeet nie, want dit is waarheen ons op pad is, naamlik na die herstelde tuin van Eden – die nuwe hemel, die nuwe aarde en die nuwe Jerusalem. Die einde

moet ons fokus wees en dit is slegs in die Skrifte van die nuwe verbond waar ons die stukkie van die legkaart vind om die volledige prentjie te kan voltooi!

Sonder die Skrifte van die *B'rit Chadashah* sal ons nie in die volle waarheid deel kan hê nie! Ons sien en verstaan die einde van Openbaring in die lig van die begin Genesis en die ander vier boeke van YHVH se Torah

Wedergeboorte

Soos reeds genoem, is Genesis (*B'reisheet*) die boek van die begin. So herinner Genesis ons daaraan dat elke mens ook 'n begin het en dat elkeen van homself / haarself ook kan sê: In die begin.....!!

Hierdie begin was voor die grondlegging van die wêreld, want Vader-God het ons in Hom uitverkies voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees *deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Yeshua Messias.*

*Geseënd is die God en Vader van onse Meester Yeshua Messias wat ons geseën het met alle geestelike seënige in die hemele in Messias, soos **Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Yeshua Messias, na die welbehae van sy wil.** Efes. 1:3 tot 5.*

Hoor die Woord van YHVH wat vir jou sê dat jy *in Hom uitverkies was voor die grondlegging van die wêreld om heilig (afgesonder) en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees.* YHVH jou God en Vader het reeds voor Genesis 1:1 besluit *om jou as sy kind vir Homself aan te neem deur Yeshua Messias, na die welbehae van sy wil!!* Dit is jou 'in die begin'!! Jou oorsprong was reeds in Vader-God se gedagtes gevestig (beplan) voor die grondlegging van die wêreld!

Maar die dag toe die saad van jou aardse vader die eiersel van jou moeder bevrug het, het jy vlees geword in die baarmoeder van jou moeder! Dit was ook jou oomblik van 'in die begin' as vleesgeworde skepsel van jou Maker! Sodat nege maande later is jy gebore en was dit jou 'in die begin' van 'n lewe in hierdie wêreld.

Soos jy opgegroeï het, het daar 'n dag in jou lewe gekom waar die Goeie Saad van YHVH se genade in Yeshua Messias in jou hart gesaai was. Hierdie saad het die vrug van wedergeboorte voortbring – jou oomblik van 'in die begin' van 'n lewe as geregverdigde in Yeshua Messias. 'n Nuwe begin!! Die begin van heiligmaking waarsonder jy nie jou Meester Yeshua sal sien (Heb. 12:14). Die begin van die vernuwing van jou gemoed.

En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is. Rom. 12:2

Elke Woord van YHVH wat jy ontvang om nougeset daarvolgens te handel, is saad wat die begin is van 'n uiteindelijke vrugbare oes van gelykvormigwording aan Yeshua Messias. Torah is daardie saad wat in ons hart en in ons verstand gesaai word om die vrug van die Boom van Lewe voort te bring! Elke Woordsaad kan vergelyk word met 'in die begin'! Dit is die begin van 'n vrugbare oes! 'n Nuwe begin van beter begrip van die Vaderhart en van 'n meer intieme verhouding! Sien skematiese uiteensetting aan die einde waarin geboorte en wedergeboorte verduidelik word!

Mag hierdie nuwe Torahsiklus waarlik ook vir jou 'n 'in die begin' oomblik wees – 'n nuwe begin om YHVH jou God en Sy Seun Yeshua beter te leer ken en deur die Afgesonderde Gees geleer en kragdadig ondersteun te word om in alles aan YHVH se Torah, soos dit in Yeshua Messias vervul is, gehoorsaam te wees.

Bepeins of Bespreek


1. Wedergeboorte is die begin van jou lewe as deel van YHVH se koninklike priesterdom volgens die orde van Melgisedek. Hierdie is een van die voorbeelde van dit wat aan die begin was, naamlik tot en met die goue kalf aanbidding, en wat na Yeshua se folterdood en opstanding weer herstel (heringestel) is. Dit is een van die baie belangrike stappe in die herstel van die tuin van Eden. Hoe jammerlik is dit dat so min Torah-gehoorsame gelowiges hierdie waarheid nog nie ontdek het nie en nie in die lig daarvan lewe nie. In latere *parashot* sal ons meer hieroor gesels, maar intussen word die artikel: "Die Orde Van Melgisedek Teenoor Die Levitiese Priesterlike Orde" deur Ina van Niekerk aanbeveel. Hierdie artikel kan afgelaai word by: [MelgisedekLevitieseHersien2015](#).

Shalomgroete in Yeshua Messias.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.

Geboorte en Wedergeboorte



Jy word wedergebore as `n geestelike baba. Die vernuwing van jou gemoed geskied deur 'n Torah-gehoorsame leefwyse wat jou gedagtes, woorde en daede in ooreenstemming met die van die Vader bring. Dit is `n groeiproses tot geestelike volwassenheid. Jy moet gelykvormig (in denke, woorde endade) aan Yeshua Messias word (**Rom. 8:29**). Dit is `n proses van heiligmaking (afsondering) tot volmaaktheid.

Jy is `n nuwe mens met `n ou verlede. Daarom kan daar dinge (bindinge) in jou verlede wees wat jou verhinder om geestelike volwassenheid te bereik en `n lewe van oorwinning in Yeshua te leef. Dit is van hierdie ou dinge, wat nie met Torah ooreenstem nie, waarvan jy vry moet kom.

Deur wedergeboorte (geloof in Yeshua as Messias) word jy 'n kind van Vader-God en deel van die verbonde en het jy die sekerheid dat jy gered is. 'n Lewe van oorwinning en oorfloed (Joh. 10:10) kom egter alleenlik deur Torah-gehoorsaamheid. Dit is jou verantwoordelikheid om Torah-gehoorsaam te lewe soos in Yeshua vervul is. Die Afgesonderde Gees is jou hulp - die Een wat jou leer, lei en die krag gee om die vlees te oorwin en 'n "set-apart" (heilige, afgesonderde) lewe te leef.

-O-O-O-O-O-O-O-O-